## DIE „ZUID-AFRIKAANSCH MUSEUM" TE DORDRECHT, 1902-1921.

Die begin van die lydensgeskiedenis van die *Zuid-Afrikaansch Museum* te Dordrecht, kan teruggevoer word na die sitting van die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Republiek op 4 November 1896. Op hierdie datum het die Raad 'n uitnodiging van die Franse Minister van Buitelandse Sake aanvaar om 'n insending na die Wêreldtentoonstelling in Parys te stuur. Hierdie insending sou later die direkte oorsaak wees van die stigting van die *Zuid-Afrikaansch Museum.*

Toe die Wêreldtentoonstelling in 1900 ten einde loop, moes dr. W. J. Leyds en ander amptenare besluit wat hulle met die insending van die Suid-Afrikaanse Republiek moes aanvang. Die uitstalling was besonder goed en het bowendien baie simpatie vir die Boere-saak in Parys gewek. Daarbenewens was daar baie voorwerpe in die versameling opgeneem wat van groot kultuur-historiese waarde vir Transvaal was. Die voorwerp kon dus nie in die hande van die Engelse val of aan 'n vreemde persoon verkoop word om sodoende vir Suid-Afrika verlore te gaan nie.

Om hierdie probleme te oorbrug, is besluit om 'n skynkontrak op te stel waarvolgens die versameling aan iemand „verkoop" sou word. Later indien die omstandighede in Transvaal meer gunstig sou wees, kon die persoon dan eenvoudig die voorwerpe aan hul regmatige eienaars, die Boere, terugbesorg. Uit die aard van die saak moes 'n ware Boere-vriend of onkreukbare persoon gevind word wat vir 'n onbepaalde tydperk as skyn-eienaar kon optree.

Die ideale man om hierdie rol te vertolk, is dan ook gevind in die persoon van J. Hidde Nijland, 'n kunsversamelaar uit Dordrecht. Hy het dadelik al die moontlikhede van die versameling raakgesien en nadat die nodige dokumente opgestel is, het hy voorbereidings begin tref om elke voorwerp, ook die mees onbeduidendste, van Parys na Dordrecht te vervoer. Teen 22 Februarie 1901 was al die voorwerpe van die Paryse uitstalling, wat bykans tagtig kiste gevul het, reeds in Dordrecht. Eers toe egter, het Nijland se taak begin. Met ongekende ywer en toewyding het hy elke artikel versamel wat betrekking op Suid-Afrika en die Engelse Oorlog gehad het en wat op daardie stadium in Europa rondgeswerf het.

Ten eerste het Nijland hom in verbinding gestel met president Paul Kruger wat reeds 'n uitgebreide versameling van allerlei geskenke, adresse, verwelkomings en eerbetonings in sy besit gehad het. Na 'n plegtige belofte dat hy die versameling met groot piëteit sal bewaar en dat dit eendag hul weg na Suid-Afrika sal vind, het

die President toegstem dat die voorwerpe aan Nijland in bruikleen afgestaan kan word.

Nijland het hom vervolgens na die krygsgevangenes in die verskillende kampe gewend en hulle oor sy plan in verband met die museum ingelig. Onder die krygsgevangenes het daar spoedig groot belangstelling ontstaan en met entoesiasme het hulle uitstallings van hul handewerk gereël. Die beste inskrywings op hierdie uitstallings is na Nijland in Nederland gestuur. Gaandeweg het hierdie versameling tot meer as 2,000 artikels aangegroei.

Inmiddels het Nijland daarin geslaag om, na aanvanklike teenkanting, 'n gebou te bekom waarin hy die versameling kon huisves. Die stadsbestuur het nl. die voormalige kranksinnigegestig tot sy beskikking gestel. 'n Voortreflike gebou was dit beslis nie, maar dit het tog in die behoefte voorsien.

Die amptelike opening van die Museum het egter eers plaasgevind na twee jaar se sorgvuldige beplanning en onvermoeide arbeid. 1 Julie 1902 was nie slegs vir Nijland 'n heuglike dag nie, maar ook vir die ganse Dordrecht. Almal was dit eens dat Nijland 'n besondere skat byeengebring het en in baie gevalle selfs in 'n groot mate daartoe bygedra dat die voorwerpe nie verlore gegaan het nie. Spontaan het die inwoners van Dordrecht egter nie die Museum as eie besit opgeëis nie want van een ding was almal bewus, naamlik: „ . . . zoodra de omstandigheden daartoe gunstig zijn, gaat alles naar Zuid-Afrika terug, waar het feitelijk ook behoort".

Die museumgebou het uit nege sale op twee verdiepings bestaan met 'n ou Boerewoning volledig gemeubileer en 'n naturellehut met gebruiksvoorwerpe in die binneplaas. Vanaf die ingangsportaal van die gebou was die eerste saal op die grondvloer die „Eere Zaal". Die uitstalling in hierdie saal was plegtig en ernstig met 'n gewyde atmosfeer. Die bedoeling was duidelik om hulde te bring aan die Republieke en hul helde. 'n Borsbeeld van pres. Kruger met kranse en blomme om die voetstuk, die pilare afkomstig van die Paryse uitstalling met inskripsies van die publiek. „Vive les Boers" en „Mort aux Anglais" ens. daarop en verskeie skilderye van Boerehelde, het 'n besondere atmosfeer geskep. Die volgende saal was „de Zaal der Krijgsgevangenen". Die reeds vermelde 2,000 artikels wat deur die Boere-krygsgevangenes gemaak was, kon hier besigtig word, terwyl die volgende saal, die „Geschenkenzaal", geskenke aan die Boere ten toongestel het hoofsaaklik dié aan pres. Kruger, generaals Cronjé en De Wet, maar ook aan ander. Miskien was die belangrikste voorwerpe die Bratina, afkomstig uit Rusland, die ere-swaarde aan ge-

neraals De Wet en Cronjé en die interessante „poëzie in ijzer en koper" uit Vlaandere. Die „Wapenzaal" en die „Ambulanscezaal" het onderskeidelik wapens van die Boere en Rooi Kruis-toerusting wat in die Oorlog gebruik is, vertoon. In die volgende drie sale, nl. „de Zaal der Boeren", „De Zaal Onderwijszaal" en die „Kafferzaal" was hoofsaaklik die versameling na die Wêreldtentoonstelling te Parys, opgeneem. Ten slotte het die negende saal die sg. „Perszaal" uiters interessante artikels, tydskrifte, koerante en 'n menigte boeke bevat wat dwarsdeur die wêreld gepubliseer is oor Suid-Afrika — ook die sg. „jingoistische pers".

Onder blyke van groot belangstelling het die Museum-versameling steeds aangegroei. Eindelik is die punt bereik waar Nijland onmoontlik sy hand op die versameling kon hou en terselfdertyd ook nog die administratiewe pligte kan behartig. Die enigste uitweg was om 'n bestuur in die lewe te roep om die beheer van die Museum oor te neem. Dr. H. J. Kiewiet de Jonge wat as voorsitter van die eerste bestuur opgetree het, het dan ook dadelik met sy vier bestuurslede aan die werk gespring. Hul eerste taak was om die gevorderde toestand van verwaarlosing wat by die versameling ingetree het, uit die weg te ruim.

Toe die Bestuur egter met die verloop van tyd sekere ongerymdhede aan die lig bring, merk hulle met groot ontsteltenis ook 'n verandering in die houding van Nijland jeens hulle en dr. Leyds. Nadat die Bestuur slegs vyf maande met toewyding aan die versameling gewerk het, het Nijland op hul bedanking aangedring. Aan hierdie ongegronde eis van Nijland kon hulle egter nie toegee nie aangesien hulle sekere ondernemings aangegaan het wat hulle nie meer kon herroep nie. Dit het baie gou duidelik geword dat Nijland die Bestuur as 'n bedreiging vir sy eie prestige gesien het. Hy het onomwonde verklaar dat hy eienaar, alleen-eienaar, heer en meester van die Museum wil wees, en dit wil bly tot sy dood. Natuurlik was hierdie houding 'n flagrante skending van die gees en oorspronklike ooreenkoms tussen hom en dr. Leyds.

Hierdie onverwagte wending van die saak het aan dr. Leyds groot kommer veroorsaak alhoewel hy op daardie stadium nooit kon droom wat die uiteinde sou wees nie. Vir die daaropvolgende twee jaar het die geskil in intensiteit toegeneem sodat daar mettergaan 'n onverbiddelike vete tussen die Bestuur en dr. Leyds aan die een kant en Nijland aan die ander bestaan het.

Alhoewel verskeie pogings tot versoening aangewend is, kon die twis nie tot 'n skikking gevoer word nie. Die ergste ontnugtering

het egter gekom toe dr. Leyds in 1906 besluit het om die versameling namens die Boere-voormanne op te eis en na Transvaal terug te stuur. Hoe ongelooflik dit ookal mag klink, het Nijland hom eenvoudig op die skyndokumente beroep en beweer dat dit wettige bewyse van sy besitreg was. Hy het egter nog verder gegaan en beweer dat die voorwerpe wat in bruikleen deur pres. Kruger aan hom afgestaan is, bedoel was as persoonlike geskenke aan hom. Die ontnugterende feit was dus dat Nijland die vertrouensposisie waarin hy geplaas was, gruwelik misbruik het.

Weer eens het drie bitter jare van stryd, polemiek en twis tussen dr. Leyds en Nijland verloop. Eindelik het dr. Leyds in 1909 besluit om Nijland te dagvaar — iets wat hy ten alle koste wou vermy. Die hofsaak het eers op 21 Junie 1911 ten einde geloop en in sy uitspraak, dr. Leyds gelyk gegee. Nijland het egter besef dat hy die saak kon vertraag deur nie te berus by die uitspraak van die regbank nie en appél aan te teken. Ook dié appèl is in 1913 afgewys, maar weer eens het Nijland in verset teen die uitspraak gekom en hom op die Hoogen Raad beroep. Vir die derde keer het die hof op 26 Junie 1914 die uitspraak van 1911 ten gunste van dr. Leyds gehandhaaf.

Nijland het egter daarin geslaag om die twis tot in 1919 te laat voortduur en die geduld van dr. Leyds en ander Boere-vriende tot die uiterste te beproef. In die voorjaar van 1921 het dr. Leyds egter finaal oor Nijland geseëvier toe sy lank gekoesterde ideaal bereik is met die aankoms van die versameling uit die *Zuid-Afrikaansch Museum* in Kaapstad. Hiervandaan is die voorwerpe na Pretoria waar dit in die Transvaal-museum opgeneem is. Later is die Krugerversameling na die Krugerhuis oorgeplaas en maak tans deel uit van die versameling van die Nasionale Kultuur-historiese- en Opelugmuseum.

Daarmee kan die geskiedenis van die *Zuid-Afrikaansch Museum* ook afgesluit word, alhoewel die verskillende voorwerpe opgeneem is in 'n ander versameling. Een-en-twintig stormagtige jare was dit die middelpunt van intense belangstelling, opoffering, twis, haat en nederlaag — maar ook van oorwinning. Die geskiedenis van die versameling is egter onverbreeklik verbonde aan die doen en late van die mense wat hulle daarmee bemoei het; sommige ten kwade en ander ten goede.

Die integriteit, waardigheid en persoonlikhede van die twee hooffigure in die drama, nl. dr. Leyds en Nijland kom op 'n merkwaardige wyse na vore. Aan die een kant die ydele en selfsugtige motiewe

van J. Hidde Nijland en daarteenoor die onberispelike, toegewyde optrede van dr. Leyds. Vir een-en-twintig jaar het hy nooit sy hand van die saak onttrek nie omdat hy ten alle koste wou toesien dat die kultuur-historiese versameling, wat hy as baie belangrik geag het, vir die nageslag in Suid-Afrika bewaar bly. Dit is gepas om hier die profetiese woorde van prof. H. D. J. Bodenstein van 14 Julie 1917 aangaande die geskiedenis van die *Zuid-Afrikaansch Museum,* aan te haal: „ . . . en als eendag die geskiedenis van die saak beskrijwe word, sal die skrijwer ongetwyfeld vasstel, dat dit aan sij (dr. W. J. Leyds se) onvermoeide strewe is te danke dat die Afrikaanse volk sij eie erfstukke in die hande gekrij het . . . ".

P. J. de Beer.